

**REEKS: SEWE SAKKE SOUT**

**TEMA: Derde-party versekering**

“Sowat vier uit tien getroude paartjies haal nie die tienjaarmerk nie. Dit is volgens jongste statistieke wat deur Statistieke Suid-Afrika gepubliseer is. Sowat 55% van skeisake het kinders onder die ouderdom van 18 jaar geraak. Navorsing toon dat kinders uit geskeide gesinne meer geneig is tot agterstand op akademiese, gedrags en psigologiese gebied.”

**Netwerk 24**

### **GOD IS JOU EEN EN JOU EGGENOOT IS JOU TWEE**

“Jesus antwoord hom: “Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel’ en met jou hele verstand. Dit is die grootste en die eerste gebod. En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: ‘Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.”

**Matteus 22:37-39 (AFR83)**

**Getroud**

***Ek soek die Een, terwyl ek my voorberei vir my twee.***

**Ongetroud**

***Ek soek die Een saam met my twee.***

“Geen versoeking wat meer is as wat 'n mens kan weerstaan, het julle oorval nie. God is getrou. Hy sal nie toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; as die versoeking kom, sal Hy ook die uitkoms gee, sodat julle dit kan weerstaan.”

**1 Korintiërs 10:13 (AFR83)**

### **5 FASES VAN ‘N “AFFAIR”**

1. *Kyk.*
2. *Klets.*
3. *Kuier.*
4. *Konkel.*
5. *Kroek.*

“Iemand wat in versoeking kom, moet nooit sê: “Ek word deur God versoek” nie; want God kan nie verlei word nie, en self verlei Hy niemand nie. Maar 'n mens word verlei deur sy eie begeertes wat hom aanlok en saamsleep. Daarna, as die begeertes bevrug geraak het, bring dit die sonde voort; en as die sonde ryp geword het, loop dit uit op die dood.”

**Jakobus 1:13-15 (AFR83)**

“Julle moet geen deel van julle liggame in diens van die sonde stel as 'n werktuig om goddeloosheid te bedrywe nie. Nee, stel julle in diens van God as mense wat dood was maar lewend gemaak is, en stel elke deel van julle liggame in diens van God as werktuig om te doen wat God wil.”

***Romeine 6:13 (AFR83)***

### **WAT AS EK OORTREE HET?**

1. Gaan vir 'n traumatiese amputasie.
2. Skakel in by 'n formele proses.
3. Rou oor jou sonde en verlies.

“Die offer wat U wil hê, o God, is 'n gebroke gees.  
'n Gebroke en berouvolle hart sal U nie verwerp nie, o God.”

***Psalm 51:19 (NLV)***

“Maar as ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig,  
Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid.”

***1 Johannes 1:9 (AFR83)***